

## 2 Gebruik die volgende stappe wanneer jy die Rekeningkundige vergelyking doen:

Stap 1	Identifiseer die rekeninge wat betrokke is in die transaksie.
Stap 2	Klassifiseer die rekeninge betrokke, d.w.s. werk jy met Eienaarsbelang, Bates, Laste, Inkomstes of Uitgawes?
Stap 3	Vra nou vir jouself of die rekening MEER of MINDER word.

## 3 Die invloed van transaksies op Bates en Eienaarsbelang:

### Voorbeeld: Transaksies van Protea Droogskoonmakers.

- 1 Die eienaar, mnr. John Peters, begin die besigheid met 'n kapitaalbydrae van R500 000 wat hy in die besigheid se lopende bankrekening deponeer. Kwitansie 001 is uitgereik.

<b>Stap 1</b>	<i>Identifiseer die rekeninge wat betrokke is in die transaksie.</i>	<i>Bank (geld word in die Bankrekening gedeponeer) en Kapitaal (die eienaar gee geld)</i>
<b>Stap 2</b>	<i>Klassifiseer die rekeninge betrokke, d.w.s. werk jy met Eienaarsbelang, Bates, Laste, Inkomstes of Uitgawes?</i>	<i>Bank is 'n Bate Kapitaal is Eienaarsbelang</i>
<b>Stap 3</b>	<i>Vra nou vir jouself of die rekening MEER of MINDER word.</i>	<i>Bank (Bate) word meer Kapitaal en dus Eienaarsbelang word meer</i>

Bates		Eienaarsbelang		Laste	
Bedrag	Rede	Bedrag	Rede	Bedrag	Rede
+ 500 000	Bank vermeerder	+ 500 000	Kapitaal vermeerder	Die transaksie het geen invloed op laste nie	

- 2 Protea Droogskoonmakers koop 'n afleweringvoertuig van Toyota en betaal per tjek 001, R115 000.

<b>Stap 1</b>	<i>Identifiseer die rekeninge wat betrokke is in die transaksie.</i>	<i>Bank (geld word uit die Bankrekening getrek) en Voertuie (koop 'n afleweringvoertuig)</i>
<b>Stap 2</b>	<i>Klassifiseer die rekeninge betrokke, d.w.s. werk jy met Eienaarsbelang, Bates, Laste, Inkomstes of Uitgawes?</i>	<i>Bank is 'n Bate Voertuie is 'n Bate</i>
<b>Stap 3</b>	<i>Vra nou vir jouself of die rekening MEER of MINDER word.</i>	<i>Bank (Bate) word minder Voertuie (Bate) word meer</i>

Bates		Eienaarsbelang		Laste	
Bedrag	Rede	Bedrag	Rede	Bedrag	Rede
+ 115 000	Voertuig vermeerder				
- 115 000	Bank verminder				

### Aktiwiteit 6

**Opdrag:**


- 1 Dui aan wat die invloed van elk van die volgende transaksies op die Rekeningkundige vergelyking is. Gebruik 'n + om 'n vermeerdering en 'n – om 'n vermindering aan te dui.
- 2 Bereken die Netto wins deur totale inkomste en totale uitgawes uit te werk en dit van mekaar af te trek.

Transaksies van Fairy Fun Skoonmakers.

- 1 B Hollard begin sy besigheid met 'n kapitaalbydrae van R580 000 wat hy in die lopende bankrekening deponeer.
- 2 Huur 'n winkel van Sage Bpk en betaal die huurgeld per tjek 001, R4 220.
- 3 Koop 'n bakkie van TJ Motors en betaal per tjek 002, R92 800.
- 4 Betaal die telefoonrekening aan Telkom per internet betaling, R950.
- 5 Reik tjek 003 uit aan Trojan Handelaars vir masjinerie, R210 000.
- 6 Betaal Makro Handelaars per tjek, R12 000 vir skoonmaakmiddels.
- 7 Reik tjek 005 uit aan die munisipaliteit vir water en elektrisiteit, R2 190.
- 8 Kontant ontvang vir dienste gelewer vir die week volgens die kasregisterrol beloop R6 150.
- 9 Wissel kontantjek 006 vir R4 000 en betaal die lone vir die week.
- 10 Betaal die salaris vir die bestuurder, T. Jansen, per internet, R4 260.
- 11 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens kasregisterrol, R9 215.

Nr	Bates		Eienaarsbelang		Laste	
	Bedrag	Rede	Bedrag	Rede	Bedrag	Rede

**ONTHOU:**



<b>Totale inkomste</b>	<b>Totale uitgawes</b>

Inkomste - uitgawe = netto wins

